Digkompetisie reëls

1) Sluitingsdatum: 29 Desember 2009

2) Die gedig mag nie langer as 40 reëls wees nie.

3) Gedigte moet in Afrikaans wees.

4) Die skrywer moet ’n Woes premium of premium plus lid wees. (Premium lidmaatskap is gratis.)

5) Geen werknemer van Woes of persoon wat by die aanbieding van die kompetisie betrokke is, mag hieraan deelneem nie.

6) Gedig(te) moet in elektroniese formaat getik word, vergesel wees van ’n inskrywingsvorm en ge-e-pos word na digters@woes.co.za.

Alternatiewelik kan die inskrywingsvorm en bewys van betaling gefaks word en die gedigte kan elektronies per epos ingestuur word. Geen gedigte mag per faks ingestuur word nie.

7) Slegs 5 gedigte per persoon.

8) Elke gedig wat ingestuur word moet op die inskrywingsvorm aangetoon word en van ’n R35 inskrywingsfooi vergesel word.

9) Slegs een gedig per skrywer kom in aanmerking vir publikasie in die bundel. ’n Bloemlesing van die beste 50 gedigte op Woes elke jaar.

10) Skrywers behou kopiereg op hulle werk, maar moet toestemming gee dat die gedig in die bundel opgeneem kan word. Daar is geen publikasiekostes vir skrywers hieraan verbonde nie.

11) Daar is geen tema of onderwerp vir hierdie jaar se kompetisie nie.

12) Plaas asseblief jou Woes skrywersnaam plus die aantal gedigte waarvoor betaal word op die deposito strokie of internet bank transaksie. Indien jy per tjek betaal moet dit ook op die tjek verskyn. Bv. Johan S 3 (Johan S mag Johan Siener wees en hy het 3 gedigte ingestuur en voor betaal)

13) Totale prysgeld van R5000 word toegeken:

Die eerste prys is R3000

Tweede prys: R1500

Derde prys: R500

Daar gaan ook verskeie ander nie-kontant pryse die aand van die gala prysuitdeling toegeken word aan gelukkige skrywers.

BEOORDELING EN UITSLAG

Beoordelaars sal in November 2009 aangekondig word.

Inskrywings open 27 Oktober 2009 en sluit die 29 Desember 2009.

Alle inskrywings word in ’n eerste rondte beoordeel deur bevoegde onafhanklike beoordelaars. Tydens hierdie beoordelingsessie word 50 inskrywings (50 verskillende digters) gekeur vir verdere beoordeling.

Die 50 finaliste sal nie later as 25 Januarie 2010 in kennis gestel word nie en sal ook ’n vorm ontvang wat hulle moet teken om toestemming te gee dat hul kwalifiserende gedig gepubliseer kan word.

PRYSUITDELING

Datum van prysuitdeling moet nog bepaal word.

Navrae

Enige navrae kan gerig word aan digters@woes.co.za

Maandag, 26 Oktober 2009